'n Nuwe KIX Kleuterskool

Teen hierdie tyd ken ons al die KIX-projek wat in Malawi deur AnnaMarie de Klerk en haar span in 2009 van stapel gestuur is. Daar is die afgelope twee jaar tientalle kleuterskoolonderwysers opgelei en honderde voorskoolse kinders onder hulle bekwame leiding geskool.

Die jongste projek as uitvloeisel hiervan het so pas begin – natuurlik 'n nuwe KIX kleuterskool – en dit sommer op die mooie werf waar AnnaMarie op Malingunde woon. Dit gaan 'n unieke skool wees omdat dit gaan dien as 'n model- en opleidingskool vir die verdere opleiding van honderde KIX juffrouens. AnnaMarie skryf uit Malawi:

Ons het gister met die restourasie van die skoolgebou begin. Op een van die foto's is mnre M'gawa en Kingsley besig met die afbreek van 'n muur (links, foto 3 van bo af) sodat die driejariges se klaskamer kan vorm aanneem.

'n Ander foto toon die area, agter die rivier- en bousandhope, waar die kombuisie en toilette gebou gaan word. Die sand lê nou (links, heel onder)waar die klimrame en swaaie gaan kom... onder die bome! Die stene (middel, bo) is vir die kantoor!

Ouers het al begin om plek te bespreek! Ons het toegeruste en baie spesiale onderwyseresse, deur KIX opgelei. Malingunde se kleuters sal die twee klaskamertjies vul om te leer:

- *dat hulle uniek is,en dat*
- *omdat hulle in Christus is, daar vir hulle 'n plan in God se hart leef...*

Met hierdie groen begin, kom ons versoek dat julle asseblief saam met die span en ons almal betrokke, die Here sal vertrou vir elke fase van hierdie Kleuterskool. Al die begrotings is voorberei, maar met die R9 000 tot ons beskikking, gaan ons hard werk om die SKOOL se hoed op te sit en deure en vensters te finaliseer! Plafonne en verfwerk wag vir gewillige hande uit Suid-Afrika! Later meer oor wasbakkies en lessenaartjies vir klein mensies.

Dankie dat u saam kom op hierdie vreugde-reis!

AnnaMarie de Klerk
Project Leader
KIX NURSERY SCHOOL TRAINING MALINGUNDE
P O Box 116
LILONGWEMALAWICell: +(265)-999450319/884727656
Tel : +(265)-1 11 921677
email: annamdeklerk@gmail.com